

## *Klippies en eisch!*

### **Majoor J.P. Marais: Die skepper van Klipdrif Brandewyn**

Chris Venter\*

#### **Inleiding**

In 'n promosie-artikel van Distell word na majoor J.P. Marais, die man wat die eerste Klipdrif Brandewyn ontwikkel het, verwys as een van die kleurrikste karakters wat die brandewynindustrie nog opgelewer het.<sup>1</sup> Johan van Zijl verwys in sy artikel *The Major would have smiled*<sup>2</sup> na Kosie Marais as “a South African icon”. Die twee artikels het hierdie skrywer se belangstelling geprikkel. Die navorsing wat gevolg het, sou onmoontlik gewees het sonder die indrukwekkende privaatversamelings van sy dogter, Lynette Lotz en sy kleinseun, die argeoloog Dieter Noli, wat hulle goedgunstig tot beskikking van die skrywer gestel het. Lynette Lotz se herinneringe aan haar vader en die familie se verblyf op Klipdrif is elke keer deur skriftelike bronne bevestig. Die navorsing het getoon dat die vader van Klipdrif Brandewyn, tans die vlagskip-produk van Distell<sup>3</sup>, besonder begaafd was. Skink 'n knertsie met *eisch*, ontspan en ontmoet vir Kosie Marais.

#### **Jeugjare**

Kosie Marais, gebore op 22 Junie 1900, was die derde oudste seun van Kowie en Kitty Marais van die plaas Wonderfontein naby Robertson. Kowie Marais was 'n welgestelde wynboer van die distrik Robertson en hy was die stukrag agter die bou van die Brandvleidam naby Worcester in 1922 en die besproeiingskanale vanaf die dam tot by Bonnievale. As erkenning vir sy versienheid en dryfkrag met dié projek, het Brandvleidam se wateroppervlakte bekend geword as die Maraismeer.<sup>4</sup>

---

\* Doktor Chris Venter was voor sy aftrede verbonde aan die departement Geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch en is tans 'n navorsingsgenoot aan dié departement.

1. Distell Advertorial, “Klipdrift Premium”, *South African Country Life*, June 2005, no page.
2. J. van Zijl, “The Major would have smiled”, *South African Country Life*, July 2005, pp 20-21.
3. Distell het in 2007 'n Klipdrift-proelokaal in Robertson geopen en hierdie navorsing en foto's van L. Lotz gebruik om die hoogtepunte van Kosie Marais se lewe uit te beeld. 'n Paar duisend toeriste het reeds die proelokaal besoek.
4. A.H. Tromp, *Robertson, 1853-1953. Gedenkboek by die geleentheid van die honderdjarige bestaan van die dorp en die NG Gemeente Robertson* (Feeskomitee, Robertson, 1953), pp 121-122.

Claasie Claasens, Direkteur-Generaal van Waterwese het in 1989 na Kowie Marais se rol in die bou van die Brandvleidam soos volg verwys:



**Figuur 1: Luitenant J.P. Marais met die Goewerneur-Generaalsbeker wat hy in 1934 verower het.**

*Mr Kowie Marais, a farmer in the community, was one of South Africa's natural engineers. He looked at the vlei near Worcester, and saw its potential as a dam. A natural inflow of water from Holsloot was absorbed in the vlei. He suggested building a wall across the vlei to stop the water flowing out in winter, and augment the flow in summer.*<sup>5</sup>

Kosie het nie net hierdie natuurlike talent en belangstelling in die ingenieursbedryf van sy pa geërf nie, maar hy, sy jonger broer, Eksteen, en suster Judith het grootgeword in 'n huis waar hulle pa 'n hoë premie geplaas het op kennis en onafhanklike denke. Hy het dit by sy kinders ingeskerp dat, as hulle iets nie ken of kan doen nie, hulle dit moes aanleer. Dit het waarskynlik bygedra tot Kosie se lewensfilosofie dat daar vir elke probleem 'n oplossing moet wees.<sup>6</sup> Sy vader se boekery het Kosie geïnspireer om selfstandig te studeer en te eksperimenteer. Majoor C.R. Wolhuter, Kosie se mentor en goeie vriend, het die volgende van hom as jong seun gesê:

*I learnt to know him when he was still a young student at school, when he often came to my engineering works to collect bits and pieces of metal and tubing to build models and other mechanical appliances, even then we had talks or interesting discussions on mechanical and chemical appliances and experiments.*<sup>7</sup>

Kosie het as skoolseun saam met Eksteen en 'n paar vriende 'n werkswinkel en 'n laboratorium op Wonderfontein ingerig. In eersgenoemde het hulle elektrisiteit opgewek en Kosie het ook 'n miniatuur stoombootjie van 'n Brasso-blik, koperpyp en 'n paar horlosieratte gemaak. Dié speelding het goed gefunksioneer totdat die drukking van die stoom te groot geword het en die bootjie uitmekaar geruk is. Kosie het 'n paar weke lank met die letsels van hierdie ongeluk op sy gesig rondgeloop. Die vriende het in hulle laboratorium ook met buskruit geëksperimenteer en by twee geleenthede is van Kosie se hare geskroei toe die buskruit ontplof het.

Aan die einde van 1921 moes Kosie as tweedejaarstudent in Landboukunde aan die Universiteit van Stellenbosch sy studies staak en gaan boer as gevolg van sy vader se siekte.<sup>8</sup> Na sy vader se dood in 1922

- 
5. L. Lotz-privaatversameling: Evelen Levitz, "The story of a dam", *Publico*, Desember 1989, p 4.
  6. P. du P. Snyman, "Die geheime van SA se oermense", *Die Huisgenoot*, 20 Januarie 1950, p 61.
  7. L. Lotz-privaatversameling: A "tribute" in memory of Major Marais by Major C.R. Wolhuter at the request of the Committee of Robertson Literary Society, 1963.
  8. Snyman, "Die geheime van SA se oermense", p 60.

het hy en Eksteen mede-eienaars van die plase Klipdrif en Wonderfontein geword.<sup>9</sup> Met Eksteen nog op skool, het Kosie aanvanklik die boerdery waargeneem. Na skool het Eksteen die wynmaker op Wonderfontein geword, terwyl Kosie hom op Klipdrif op die stook van brandewyn en die maak van likeurs toegespits het. In 1957 het die twee broers besluit om afsonderlik te boer en Kosie Marais het toe die alleen-eenaar van Klipdrif geword.<sup>10</sup>

### **'n Man van vele ambagte**

As boer kon Kosie nou sy eksperimente voortsit en die volgende is sprekeende voorbeelde van sy innoverende denke. Hy het daarin geslaag om kareemoer (ook bekend as kariemoer waarvan beskuit gebak is<sup>11</sup>) uit wynafsaksel te ontwikkel en landswyd te bemark teen 2s 6d per pond. Van dié geld het hy gebruik om 'n verloofring van £32 vir sy meisie te koop.

Voorts het hy gevind dat hy gannabos-as – wat dien as loog – in bytsoda kon verander word deur dit met kalk te kook en deur 'n sandlaag te filtreer. Dit was volgens Kosie goedkoper as gewone bytsoda en doeltreffender as gewone loog-as om rosyntjies mee te droog. Bloed wat hy vanaf die slagpale in houers met 'n donkiekar laat aanry het, het hy in 'n spesifieke verhouding met superfosfaat gemeng. Die mengsel, wat droog geword het sonder om 'n reuk af te gee en nie vlieë gelok het nie, het hy oor 'n tydperk van meer as twintig jaar as bemestingstof vir sy wingerde gebruik.<sup>12</sup>

Na sy huwelik in 1926 met Joyce le Roux, 'n nooi van Franschoek, het die jong egpaar saam met Kosie se jonger broer, Eksteen, en hulle moeder op Wonderfontein gebly terwyl die huis op Klipdrif, wat hy ontwerp het, in aanbou was. Kosie het ook self die brandewynkelder op Klipdrif en die gesin se vakansiehuis “Valhalla” in Plettenbergbaai met “ronde hoeke”<sup>13</sup>, wat deur sommige kenners ook as Art Deco-styl beskryf word, ontwerp en gebou. Hierdie kelder wat ter ere van Kosie Marais

- 
9. Aktekantoor, Kaapstad: Robertson Quitrents nomer 112/3/1, Testament van J.P. Marais en C.E. Marais aangeheg aan die *Deed of Transfer* 1283, in die guns van Jacobus Petrus Marais, 4 Maart 1911.
  10. Aktekantoor, Kaapstad: Robertson Quitrents nommer 112/4/1, *Deed of Partition Transfer* 13612.
  11. F.J. Snijman (red.), *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* V (J-KJ), (Staatsdrukker, Pretoria, 1968), p 335.
  12. Snyman, “Die geheime van SA se oermense”, p 60.
  13. Soos Lynette Lotz na haar vader se boustyl verwys.

deur die nuwe eienaars na “Major’s Hill Winery” herdoop is, is steeds te sien op die plaas.<sup>14</sup>

’n Interessante bouwerk op Klipdrif is die damwal wat Kosie ontwerp en in 1944 met hulp van Italiaanse krygsgevangenes gebou het. Die sementwal van slegs 9 duim (ongeveer 23 sentimeter) in breedte, is volgens die eierdop-beginsel gebou en het doemprofete se voorspelling dat dit sou breek, tot op hede verkeerd bewys. Oorspronklik is die dam met die oog op besproeiing gebou, maar mettertyd het dit ’n kuierplek vir die Marais-gesin en hulle vriende geword. Die wateroppervlak was groot genoeg om met ’n kleinerige seiljag daarop te vaar. Die futuristiese toring by die dam, wat as kleedkamer én pomphuis vir die talle besproeiingspype op die plaas gedien het, was ook sy handewerk.<sup>15</sup>

Kosie Marais het sy ideaal om ’n boot te bou in 1954 verwesenlik toe hy ’n motorboot met ’n romp van vlekvrystaal voltooi het. Vir dié doel het hy ’n kursus in die sweis van vlekvrystaal in Johannesburg gevolg, aangesien daar in daardie stadium nie so ’n kursus in Kaapstad aangebied is nie. ’n Fotograaf het die volgende beskrywing van hierdie motorboot gegee:

*Skipper J.P. Marais at the helm of his 1½ ton power cruiser Valkyrie on Lake Marais, near Worcester. He has taken three years to build the vessel on his Robertson farm, and will use it for deep-sea fishing from Plettenberg Bay. The cruiser has a top speed of 25 knots. Its overall length is 19 feet 6 inches and is eight feet wide. Its hull is of stainless steel over a wooden frame, with an unflared planing hull. There are bunks for two. Cost of building was £800. The vessel will be taken by road to Plettenberg Bay in December and formally named and launched there.*<sup>16</sup>

Dié foto is waarskynlik geneem tydens ’n regatta wat die Worcester Seiljagklub in Oktober 1954 aangebied het. Kosie Marais se taak tydens die regatta was om die bemannings van seiljagte wat omgeslaan het met sy motorboot *Valkyrie* na veiligheid te bring. Die regatta het op ’n baie winderige dag plaasgevind en Kosie moes talle deelnemers te hulp snel. Volgens die sekretaris van Worcester Seiljagklub, het die toeskouers en deelnemers met bewondering gepraat oor die wyse waarop hy sy motorboot hanteer het.<sup>17</sup>

---

14. J. van Zijl, “The Major would have smiled”, pp 20-21.

15. *The Cape Argus*, 21 February 1960 (L. Bean, “Farms of the Cape, Klipdrift and Wonderfontein”); Snyman, “Die geheime van SA se oermense”, p 63.

16. L. Lotz-privaatversameling: Foto met onderskrif, koerant en datum onbekend.

17. L. Lotz-privaatversameling: Letter of Secretary of Worcester Yacht Club – J.P. Marais, 22 October 1954.

Om die motorboot na Plettenbergbaai te vervoer, het Kosie sy vragmotor se bak self verleng. Nodeloos om te sê dat Kosie onderweg na Plettenbergbaai deur die verkeerspolisie beboet is omdat hy nie amptelike toestemming daarvoor verkry het nie.<sup>18</sup> Dit was die hengelaars by Plettenbergbaai se gebruik dat wanneer hulle met hulle bote van die diepsee teruggekeer het land toe, hulle die bote op die sand laat uitloop het. Omdat hy nie *Valkyrie* se romp wou beskadig nie, het Kosie 'n patent ontwerp waarmee hy wiele onder die romp kon laat sak. Sodoende het sy boot op wiele op die sand uitgeloop.<sup>19</sup>

Robertson se inwoners was klaarblyklik gewoond daaraan dat Kosie Marais voortdurend besig was om iets nuuts te ontwerp en te bou. Daarom was dit vir hulle nie vreemd toe plakkate aangekondig het dat hy tydens 'n kermis sy eenman duikboot by Silver Sands, die vakansieoord aan die Breërivier naby Robertson, sou toets nie. Dié duikboot toetsery was die idee van die organiseerders wat dit met Kosie se goedkeuring gebruik het om mense na die kermis te lok. Die slim set het blykbaar die gewenste uitwerking gehad, hoewel Kosie nie die kermis bygewoon het nie.<sup>20</sup>

Kosie Marais het op verskillende terreine 'n belangrike bydrae tot die Robertsonse gemeenskap gelewer. So het hy van sy arbeiders, asook trekkers en ander implemente gratis beskikbaar gestel vir die ontwikkeling van die nuwe golfbaan op die dorp. As een van die beste skuts wat die Wes-Kaap gedurende die 1930's opgelewer het, het hy Robertson se skietklub gehelp om talle kompetisies te wen en as Springbokskut het hy nie net vir homself nie, maar ook vir sy dorp nasionale en internasionale eer ingeoes. Hieroor later meer.

As Vrymesselaar<sup>21</sup> was hy betrokke by welsyn en hy het gereelde geldelike en ander bydraes aan die hospitaal, weeshuis en onderwysinstellings op Robertson gemaak. Mense in nood of wat onder moeilike omstandighede verkeer het, kon op Kosie se simpatieke bystand reken. Na die Tweede Wêreldoorlog het hy talle oud-soldate gehelp om werk te kry en weer by die siviele lewe aan te pas. In hierdie verband het

- 
18. Mededeling van Lynette Lotz, dogter van Kosie Marais, 14 Februarie 2006.
  19. Mededeling van Paul Marais, broerskind van Kosie Marais en eenaar van Wonderfontein, Robertson, 28 April 2006.
  20. Mededeling deur Lynette Lotz, dogter van Kosie Marais, 2 Februarie 2006.
  21. Vir inligting oor die Vrymesselaars, kyk in D.J. Potgieter (Ed) *Standard Encyclopaedia of Southern Africa (SESA)* V, (Nasou, Cape Town, 1970-1976), p 33; A.A. Cooper, "The effects of political, economic, and social events on the order of Freemasons in South Africa." PhD thesis, University of Stellenbosch, 1983.

sy vriend, majoor C.R. Wolhuter, die volgende oor Kosie se optrede in 'n toespraak na sy begrafnis gemeld:

*As an ex-service soldier, his comradeship during the war and his post-war interest in the ex-service soldier who found it difficult to find his feet again in civil life, [sic] he was generous and sympathetic towards those who had served their country and in many cases found employment for them. We dropped a Poppy into his grave as a reminder and appreciation of what he was as a soldier. We will remember him.*<sup>22</sup>

'n Familielid en bewonderaar van Kosie, Tommy Carse, van die destydse Departement Kleurlingsake, het gemeld dat daar 'n groot aantal bruin plaasarbeiders met hulle gesinne op Klipdrif gewoon en gewerk het. Kosie het gesorg dat dié gemeenskap hulle eie rugbyveld, netbalbane en ander toerusting gehad het. Hy het blykbaar 'n baie goeie verhouding met sy werknemers gehad en met sy verjaarsdae het hulle hom gereeld toegesing waarna hulle verversings ontvang het. Met sy verjaarsdag in 1962 het 'n bejaarde arbeider Kosie in 'n kort toespraak gelukgewens en afgesluit: "Ou master moet nog lank gespaar bly, want waar kry die lieue Here weer vir ons so 'n goeie master."<sup>23</sup>

Robertson het ook 'n orkes gehad. Dit het onder die bekwame leiding van Maria Fismer gestaan. Sy het vanaf 1908 tot 1934 musiekonderrig op die dorp gegee en is in 1939 as professor in Musiek aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel.<sup>24</sup> Kosie was waarskynlik 'n leerling van Maria Fismer en hy was die solo klarinetpeler in die orkes. Nadat dié orkes ontbind het, het Kosie by 'n orkes op Worcester aangesluit en tot en met sy dood in 1963 lid daarvan gebly. Na sy dood het die lede van die orkes aangebied om ter ere van Kosie gratis voor die Robertson Literary Society op te tree, aangesien hy ten tye van sy dood president van dié vereniging was.

Kosie Marais was vir byna veertig jaar 'n aktiewe lid van die Literary Society en is verskeie kere tot president verkies. Hy het by meer as een geleentheid tydens die vereniging se vergaderings oor 'n verskeidenheid onderwerpe praatjies gelewer. Sy breë algemene kennis,

- 
22. L. Lotz-privaatversameling: A "tribute" in memory of Major Marais by Major C.R. Wolhuter, 1963.
  23. L. Lotz-privaatversameling: Tommy Carse se gedenkskrif oor Kosie Marais getitel "n Vlermuis, mierkatjie, dassie, eekhoringtjies [sic], kraaie, uile en eiervreterslangetjies was sy huisvriende", 9 April 1963.
  24. D.W. Krüger en C.J. Beyers (eds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek III* (Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1977), p 306.

belesenheid en intense belangstelling in en kennis van die natuurwetenskappe, die mense van die steentydperk, argeologie, antropologie, musiek, letterkunde en dies meer, het van hom 'n gedugte debatteerder gemaak. Hy het klaarblyklik nie gekroom om van 'n medelid van die Society te verskil en in geen onduidelike terme sy standpunt te stel nie. Hierdie eienskap van Kosie om onbevange sy saak te stel, kom sterk na vore in 'n toespraak wat hy op 19 April 1955 voor die lede van die Literary Society gelewer het. Hy het erken dat hy as lid van die vereniging oor byna veertig jaar baie geleer het, maar dat hy die onderwerpe waaroor daar in die verlede gedebatteer is, soos byvoorbeeld "Is die pen magtiger as die swaard?", as nutteloos beskou het. Hy was van mening dat meer kontensieuse onderwerpe gekies moes word en het 'n paar onderwerpe voorgestel en bygevoeg "*supposing that members had the ability to discuss these intelligently.*" Van die onderwerpe was:

- *The missionaries and the Government Authorities have retarded the growth of Bantu literature.*
- *The wars to free the Holy Land from the so-called infidels were not sincere.*
- *Apartheid is stupidity dished up for stupid people by stupid people.*
- *Abolishing polygamy was a retrograde step which does not go with democracy.*
- *The search for the Holy Grail was a ticket for moral promiscuity.*

"*So ladies and gentlemen,*" het Kosie afgesluit, "*if you wish your debates and discussions to be of any importance, you cannot omit the important things in life, be they social, moral, political or religious.*"<sup>25</sup>

Dit is onseker tot watter mate hierdie versoek van Kosie inslag gevind het by die lede van die Literary Society, want volgens die jaarprogram van 1963 sou 'n debat op 21 Mei 1963 plaasvind met die onderwerp "*Television is no advantage.*"

### **Die argeoloog**

As student op Stellenbosch was Kosie bevriend met Fritz Heese, die seun van 'n bekende argeoloog van Riversdal, doktor C.H.T.D. (Christoph) Heese, wat in 1935 'n ere-doktorsgraad in Argeologie van die Universiteit van Stellenbosch ontvang het.<sup>26</sup> Die twee vriende se soektogte na

---

25. L. Lotz-privaatversameling: Kosie Marais se toespraak voor die Literary Society van Robertson getitel "That contentious issues should be discussed by the Literary Society", 19 April 1955.

26. Krüger en Beyers, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* III, pp 392-393.



klipwerktuie, soos hulle soektog in 'n grot by Robberg naby Plettenbergbaai, het Kosie se belangstelling in argeologie gestimuleer.

Volgens majoor C.R. Wolhuter was hy en Kosie die enigste twee inwoners van Robertson wat lede van die Suid-Afrikaanse Genootskap vir die Bevordering van Wetenskap was.<sup>27</sup>

Tydens hulle lidmaatskap van die Genootskap was daar 'n ernstige meningsverskil omdat van die lede geglo het dat sekere werktuie van Sanoorsprong was. Kosie het van hulle verskil omdat die San na sy mening nie die vaardighede of die intelligensie gehad het om dit te maak nie. Sy teorie was dat diegene wat die werktuie gemaak het, uitgesterf het en dat die San daarop afgekom en dit begin gebruik het. Midde-in die kontroversie het Kosie Marais, aldus Wolhuter, ander toonaangewende wetenskaplikes ooreed om een van die bekendste argeoloë van sy tyd en kenner van Steentydperk werktuie, die Fransman en geordende Rooms-Katolieke priester, Henri Édouard Prosper (Abbé) Breuil, na Suid-Afrika te nooi. Wolhuter beweer dat Breuil die uitnodiging aanvaar het en dat Kosie hom toe geneem het

*... to South West Africa [Namibië] and Bechuanaland [Botswana] where there were other relics in conjunction with early stoneage man. After a long joint search and investigation with Abbé Breuil it was conclusively proved that Koos' theory was well-founded and accepted. Koos was made a member of the Archaeological Society.*<sup>28</sup>

Hierdie inligting van Wolhuter moet met omsigtigheid benader word, aangesien verdere dokumentêre bewyse ontbreek. Dit is te bevraagteken of Kosie 'n aandeel gehad het in die uitnodiging aan Abbé Breuil na Suid-Afrika. Breuil se eerste besoek aan Suid-Afrika was in 1929 toe hy as ere-gas die gesamentlike kongres van die Britse en Suid-Afrikaanse Genootskappe vir die Bevordering van Wetenskap (Kosie was lid van die Suid-Afrikaanse Genootskap) in Kaapstad en elders bygewoon het. Breuil het by dié geleentheid 'n ere-doktorsgraad van die Universiteit van Kaapstad ontvang. Hierdie eerste besoek van Breuil het 'n intense belangstelling in die paleontologie gewek wat aanleiding gegee het tot die stigting van die Argeologiese Buro in Suid-Afrika (later bekend as die Argeologiese Opname) in 1935. Dit is

---

27. In die notule van die Een-en-Sestigste Jaarlikse Vergadering van die Suid-Afrikaanse Genootskap vir die Bevordering van Wetenskap, gepubliseer in *The SA Journal of Science*, 59, 9, September 1963, p 430, word Kosie Marais se dood vermeld.

28. L. Lotz-privaatveramingel: A "tribute" in memory of Major Marais by Major C.R. Wolhuter, 1963.

onseker of Kosie van hierdie kongresse bygewoon het, maar hy sou daarvan bewus gewees het en dit sou verseker sy belangstelling in argeologie verder verdiep het. In 1941 het Breuil weer na Suid-Afrika gekom, dié keer op uitnodiging van generaal J.C. Smuts, eerste minister van die Unie, om aan die Argeologiese Opname in Johannesburg deel te neem. Hy het ook van 1944 tot 1951 'n professoraat aan die Universiteit van die Witwatersrand beklee.<sup>29</sup>

Kosie Marais het ten minste drie bekende argeoloë persoonlik geken, naamlik doktor Christoph Heese, met wie hy goed bevriend was, Abbé Breuil en doktor A.J.H. Goodwin. Laasgenoemde was medeprofessor in Argeologie aan die Universiteit van Kaapstad en stigter van die Suid-Afrikaanse Argeologiese Vereniging in 1945.<sup>30</sup> Kosie het doktor Heese en Abbé Breuil<sup>31</sup> op verskeie argeologiese ekspedisies vergesel en opgrawings in die omgewing van Plettenbergbaai, Knysna en Stilbaai gedoen. Op dié wyse het hy 'n besondere versameling klipwerktuie opgebou en Breuil het by geleentheid twee dae op Klipdrif gekuier om sy versameling te besigtig. C.R. Wolhuter se bewering dat Kosie vir Abbé Breuil na Namibië en Botswana vergesel het, kon nie uit die beskikbare bronne bevestig word nie. Toe Breuil in 1947 die rotstekening in die Brandberg in Namibië identifiseer as die afbeelding van 'n blanke vrou van óf Kretensiese óf Egiptiese afkoms wat meer as 3 000 jaar oud is, het Kosie die teorie onmiddellik verwerp.<sup>32</sup>

Na aanleiding van sy ervaring en kennis wat hy opgedoen het tydens argeologiese opgrawings in samewerking met erkende en ervare argeoloë soos doktor Heese en Abbé Breuil, het Kosie persoonlik verskeie teorieë oor klipwerktuie ontwikkel. Argeoloë het geworstel met die vraag oor hoe die prehistoriese mense hulle klipwerktuie gemaak het. Talle werktuie is gevind, maar nie "hamerklippe" waarmee die werktuie gemaak is nie. Kosie se teorie, wat hy in die praktyk suksesvol toegepas het, was dat as 'n plat klip teen 'n ander rots op 'n spesifieke wyse geslaan

- 
29. Krüger en Beyers, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* III, pp 107-108.
  30. Krüger en Beyers, *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* III, p 346.
  31. Abbé Breuil het tydens so 'n opgrawing by Suurbraak, Swellendam, op 7 November 1944, sy naam op 'n klipwerktuig aangebring en dit aan Kosie geskenk. Die klipwerktuig is steeds in Kosie Marais se kleinseun, Dieter Noli, se besit.
  32. Mededeling deur Lynette Lotz, 2 Februarie 2006. Die benaming "Wit Vrou van die Brandberg" het behoue gebly, ten spyte daarvan dat Breuil se teorie later deur kenners verwerp is. Kyk in hierdie verband in Potgieter, *SESA V*, pp 488-489; Potgieter, *SESA IX* (Uitgewer, plek, datum), pp 82-83; C. Ewart-Smith, "High and Dry: Cross-border travel in Namibia", *Drive Out Off-Road Destinations*, 11, June-September 2005, pp 31-34.

word, stukkies afspring en die werktuig gevorm word. Dit het ook verklaar waarom daar so baie afgesplinterde stukkies klip rondom 'n "aambeeld klip" gevind is waar die klipwerktuie voorgekom het. Kosie was met verloop van tyd só vaardig dat hy so 'n klipwerktuig binne vyf minute kon maak, soos wat hy prakties aan doktor Heese en Abbé Breuil kon illustreer. Doktor Heese het hierdie teorie van Kosie aanvaar en in sy verhandeling *The evolution of Palaeolithic technique* opgeneem.<sup>33</sup>

'n Tweede teorie van Kosie was dat die Stellenbosch-klipwerktuie handvatsels van hout en been gehad het wat met rieme vasgemaak is. Dit was egter moeilik om dié teorie in die praktyk te staaf, aangesien die hout, vel en been vergaan het. Hy het egter voorbeelde daarvan gemaak waarvan twee klipbyle nog in sy kleinseun, die argeoloog Dieter Noli, se besit is. 'n Derde teorie van hom was dat die Stilbaai-implemente en pylpunte met harpui aan stokke vasgesit is. Volgens Lynette Lotz het haar pa hierdie teorie baseer op 'n klipwerktuig met 'n verrotte stokhandvat met harpui daaraan wat hy gevind het. Wetenskaplikes het hierdie twee teorieë as aanneemlik beskou, maar kon dit nie aanvaar nie omdat afdoende bewyse ontbreek het.<sup>34</sup>

Doktor Christoph Heese het Kosie Marais se argeologiese kundigheid hoog aangeslaan. Toe Heese in Mei 1949 weens swak gesondheid nie kon voortgaan met sy pligte as president van die Kaapse Argeologiese Vereniging nie, het hy Kosie as sy opvolger by doktor A.J.H. Goodwin, die stigter van die vereniging, aanbeveel. In sy brief waarin hy die aangeleentheid aan Kosie verduidelik het, het doktor Heese sy aanbeveling soos volg gemotiveer:

*Not only do I consider you quite the fittest to replace me at the meeting, but also able to do your word and show the mainly English friends the stuff our rising Afrikaner generation is made of. ... I feel sure that your presidential address will be most readable and instructive.*<sup>35</sup>

Ongelukkig ontbreek inligting oor Kosie se reaksie op hierdie versoek.

- 
33. C.H.T.D. Heese, "The evolution of Palaeolithic technique", *Annals of the University of Stellenbosch* XI, B, 2, October 1933, p 6, onder die opskrif "Re-construction by Mr J Marais, Robertson, CP", p 51. Sien: A.J.H. Goodwin, *The loom of prehistory* (The South African Archaeological Society, Cape Town, 1946), p 111, vir dié skrywer se standpunt rakende die moeilikheidsgraad van Heese se verhandeling.
  34. Snyman, "Die geheime van SA se oermense", pp 61-62.
  35. L. Lotz-privaatversameling: Doktor C.H.T.D. Heese – J.P. Marais, 9 Mei 1949.

Dit wil voorkom asof daar teen 1949 maatreëls in werking gestel is om amateur argeoloë soos Kosie Marais en doktor Heese te verhoed om opgrawings te doen, want Heese verwys in genoemde brief dat Kosie tydens die vergadering waar hy as president moes optree, melding moes maak van die maatreëls wat sy (Kosie se) opgrawings by Knysna aan bande gelê het. Heese is klaarblyklik op daardie tydstip verhoed om met argeologiese opgrawingswerk voort te gaan, behalwe “*where I simply ignored them.*” Watter persone of organisasie hierdie beperkings op Kosie en doktor Heese se werk geplaas het, is nie duidelik nie, maar Heese meld dat die druk vanuit Johannesburg gekom het.<sup>36</sup> Dit is ook nie duidelik of Kosie hierna verder by argeologiese opgrawings betrokke was nie. Na sy dood is sy versameling klipwerktuie en skedels aan die Suid-Afrikaanse Museum geskenk.

### Die skerpskutter

Dit was sy goeie vriend C.R. Wolhuter wat Kosie in 1929 oorreed het om skyfskiet as sport te beoefen. Die volgende jaar het hy met die rang as luitenant in die Burgermag op dertigjarige ouderdom vir die eerste keer aan die Worcester Militêre Distrik Bisley deelgeneem. Hy het onmiddellik getoon dat hy oor ’n besondere aanleg vir hierdie sport beskik toe hy ’n goue medalje in die C-afdeling vir nuwelinge, sowel as ’n goue medalje in die A-afdeling, waar hy teen erkende skerpskutters meegeding het, verower het. Vanaf 1933 tot 1939 het Kosie gereeld aan plaaslike kompetisies op dorpe soos Robertson, Wellington, Riviersonderend en Worcester deelgeneem en talle medaljes, bekere en geldpryse verower.<sup>37</sup>

In 1932 het Kosie sy debuut gemaak in ’n nasionale Bisley kompetisie wat in Pietermaritzburg plaasgevind het. Hierdie eerste deelname op nasionale vlak het ramspoedig vir hom verloop en hy kon slegs enkele geldpryse verower. Die WP-span waarvan hy ’n lid was, het wel die kompetisie gewen. Tydens die Bisley wat van 6 tot 13 Mei 1933 op die Woltemadeskietbaan in Kaapstad plaasgevind het, het Kosie egter getoon dat hy een van Suid-Afrika se beste skuts was. Hy het die BSA-geweer verower wat geskenk word aan die “nuweling wat die hoogste

- 
36. L. Lotz-privaatversameling: Doktor C.H.T.D. Heese – J.P. Marais, 9 Mei 1949.  
 37. W.S. Marais, “Eerste na-oorlogse Bisley. Merkwaardige prestasies van SA skuts alhier en oorsee”, *Die Huisgenoot*, 2 April 1948, pp 28, 83; *Die Landman*, 27 April 1934 (Prestasies van Robertson se baasskut). *Die Landman*, die plaaslike Robertsonse koerant, het gedurende 1935-1939 gereeld oor Kosie Marais se prestasies op die skietbaan gerapporteer. Anoniem, “Boere skiet teen stedelinge” (foto’s), *Die Huisgenoot*, 2 November 1934.

telling behaal in die 10 kompetisies wat tel vir die Suid-Afrikaanse kampioenskap.”<sup>38</sup>

Kosie se grootste prestasie op die skietbaan het hy tydens die Suid-Afrikaanse Bisley Kompetisie in 1934 in Bloemfontein gelewer toe hy die Goewerneur-Generaalsbeker verower het – “die mees begeerde prys van alle baas-skuts” soos ’n verslaggewer daarna verwys het. Die plaaslike Robertsonse koerant, *Die Landman*, het Kosie se prestasie feitlik skoot-vir-skoot beskryf.<sup>39</sup> Volgens tradisie is Kosie na sy oorwinning skouerhoog op die wennerstoel gedra en is sy naam, as die vyfde wenner van die Goewerneur-Generaalsbeker, op ’n silwerplaatjie op die stoel aangebring. Hy het ook twee silwer en twee goue medaljes verower en ’n prysgeld van £14 ontvang.<sup>40</sup>

Die jaar 1936 was vir Kosie as skut weer ’n besondere jaar, want op 1 Mei meld *Die Landman* dat hy vir die Springbok Bisleyspan wat later dié jaar in Engeland sou deelneem, verkies is.<sup>41</sup> Op 4 Junie 1936 het die burgemeester van Robertson, raadslid I. de V. Malherbe, ’n dinee ter ere van Kosie as Springbokskut aangebied. Die volgende dag het die span met die *Windsor Castle* na Engeland vertrek.<sup>42</sup> Inligting oor die span, sowel as Kosie se persoonlike prestasies tydens hierdie toer in Brittanje, ontbreek. Sy vriend en mentor, majoor C.R. Wolhuter, meld dat Kosie tydens hierdie toer deur die Britse Skietvereniging uitgenooi is om ’n lesing te gee oor “*the characteristics affecting the ballistics and behaviour of a bullet in flight against wind, mirages and barometric pressures.*” Volgens Wolhuter is die inhoud van die lesing deur die Britse Skietvereniging as ’n artikel gepubliseer.<sup>43</sup> Na ’n afwesigheid van 12 weke het die span weer op 17 Augustus 1936 in Kaapstad aangekom.<sup>44</sup>

- 
38. *Die Landman*, 19 Mei 1933 (Robertson se baasskut).
  39. *Die Landman*, 20 April 1934 (Prestasie van Robertson skut op Bisley. Lt. JP Marais wen Goewerneur-Generaal Beker).
  40. *Die Landman*, 20 April 1934 (Prestasie van Robertson skut op Bisley. Lt. JP Marais wen Goewerneur-Generaal Beker).
  41. *Die Landman*, 1 Mei 1936 (Robertson – Persoonlik); Foto van dié span in: J.A.T. Morris and I.G. Emery (compilers), *Springboks past and present. A record of the men and women who have represented South Africa in international amateur sport* (South African Olympic and British Empire Games Association, Pietermaritzburg, 1947), no page number.
  42. *Die Landman*, 5 Junie 1936 (Robertson – Persoonlik); Anoniem, “Vaarwel aan ons skutters”, *Die Huisgenoot*, 26 Junie 1936, p 32. Kosie Marais verskyn op foto’s wat voor die span se vertrek op die Kaapse hawe geneem is.
  43. L. Lotz-privaatversameling: A “tribute” in memory of Major Marais by Major C.R. Wolhuter, 1963.
  44. *Die Landman*, 21 Augustus 1936 (Robertson – Persoonlik).

Kosie is nie weer vir die Springbokspan gekies nie, maar in 1938 was hy lid van die Westelike Provinsiespan wat teen 'n besoekende Britse nasionale span in Kaapstad meegeding het. Kosie het uitstekend geskiet en het die hoogste individuele telling behaal. Sy prestasie was nie goed genoeg vir 'n oorwinning nie, want die Westelike Provinsie het met twee punte verloor. Tydens die betrokke jaar se nasionale Bisley kompetisie het hy die Dalrymple-beker met 'n skitterende 104 uit 105 punte verower en in 1939, waarskynlik die laaste jaar waarin hy aan die kompetisie deelgeneem het, het hy die Presidentstrofee verower.

In 1939 is Kosie Marais vir die eerste keer deur die Westelike Kaaplandse Skietvereniging as sy verteenwoordiger op die raad van die Suid-Afrikaanse Nasionale Skietvereniging (SANSV – *South African Rifle Association* [SANRA]) aangewys. Die raadslede is verkies vir 'n termyn van twee jaar, maar was daarna weer herkiesbaar.<sup>45</sup> Dit is onbekend hoeveel termyne Kosie op die raad van die SANSV gedien het, maar volgens 'n byskrif by 'n foto in die L. Lotz-privaatversameling, was hy in 1950 weer óf nog steeds lid daarvan.<sup>46</sup> Die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) en die feit dat sy oë verswak het, het waarskynlik die einde van Kosie se aktiewe deelname aan skyfskiet beteken.

### Die militaris

Die wêreldwye Groot Depressie wat teen die einde van 1929 gevolg het op die ineenstorting van die Wall Street-aandelemarkt, het die Unieregering se begroting onder groot druk geplaas. Die Unie-Verdedigingsmagte (UVM)<sup>47</sup> is as gevolg daarvan die hoofteiken van besparings en besnoeiings gemaak. Tussen Desember 1929 en 1934 is 'n groot aantal Aktiewe Burgermagineenhede en Verdedigingskietverenigings ontbind en is die opleiding van Burgermaglede gestaak. Teen 1934 het die Unie se ekonomie sodanig herstel dat die Minister van Verdediging, Oswald Pirow, 'n vyfjaar-ontwikkelingsplan vir die UVM aangekondig het. Dit het ten doel gehad om die getalsterkte van die Staande Mag (SM)

- 
45. L. Lotz-privaatversameling: SANRA, *Annual Report, 1938 and Programme*, pp 6, 42, 64; S.W. Marais, "Eerste na-oorlogse Bisley. Merkwaardige prestasies van SA skuts alhier en oorsee", *Die Huisgenoot*, 2 April 1948, p 32.
46. SANSV/SANRA se naam is later na SA Bisley Unie (SABU) verander en die hoofkantoor is van Bloemfontein na Pretoria verskuif – e-pos van A. du Rand, uitvoerende beampte van SABU, 14 Augustus 2007. Geen ander inligting oor Kosie Marais kon van SABU verkry word nie.
47. Volgens A. Wessels, "Die opbou van die Unie-Verdedigingsmagte in die tydperk September 1939 tot September 1941", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 19, 3, Desember 1994, p 2 (voetnoot 2), is die gebruik van die meervoud in Unie-Verdedigingsmagte die korrekte term.

en die Aktiewe Burgermag (ABM) te verhoog.<sup>48</sup> As deel van hierdie strategie is sewe nuwe infanterie formasies, onder meer die Regiment Suid-Westelike Distrikte (RSWD), in September 1934 in *Die Staatskoerant* geproklameer en word die regimente se amptelike stigtingsdatum as 1 April 1934 aangegee.<sup>49</sup>

Die RSWD het die distrikte van Oudtshoorn, waar die hoofkwartier opgerig sou word, tot Robertson ingesluit. C.R. Wolhuter is in Mei 1934 deur kolonel George E. Brink, die Bevelvoerder van Kommandement Kaap, versoek om behulpsaam te wees met die stigting van die RSWD. Wolhuter het onmiddellik sy vriend Kosie Marais oorreed om as offisier opgelei te word en op die wyse was hy vanaf die begin by die RSWD betrokke as tweede in bevel van die Robertson afdeling.<sup>50</sup> Volgens sy eie verklaring, het Kosie 'n groot bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die wapen en vlag van die RSWD wat bestaan het uit 'n koningsproete met twee gekruisde Vickers-masjiengewere in goud op 'n groen agtergrond. Toe in 1956 aangekondig is dat die RSWD se naam na Regiment Langenhoven verander word, het Kosie sarkasties in die pers geskryf dat die twee Vickers-masjiengewere op die wapen van die RSWD seker vervang sou word met twee gekruisde penne, óf twee gekruisde volstruisvere, óf twee gekruisde bottels óf twee gekruisde besemstokke bo-oor 'n koolkop. Spottend het hy afgesluit:

*What a pity the Minister's inspiration appears to be confined to predominantly Afrikaans-speaking regiments, else he would have been in a position to change the name of a predominantly English-speaking regiment, to say, Regiment Mark Twain or Regiment Leonard Fleming, if regiments are to be named after humorists, and the unit could then be known as the "Fool's Own".<sup>51</sup>*

Betrokkenheid by die RSWD het behels dat die offisiere en manskappe een keer per jaar vir 'n onafgebroke tydperk van 30 dae opleiding by die militêre kamp in Wynberg, Kaapstad, moes ontvang. Die offisiere van die RSWD was vrywilligers wat geen soldy ontvang het

- 
48. W.A. Dorning, "A concise history of the South African Defense Force (1912-1987)", *Militaria*, 17, 1, 1987, pp 8-9.
49. Dokumentasiesentrum, Departement Verdediging, Pretoria: Anoniem, Geskiedenis van Regiment Langenhoven, ongenommer en geen datum, p 1.
50. L. Lotz-privaatversameling: A "tribute" in memory of Major Marais by Major C.R. Wolhuter, 1963.
51. L. Lotz-privaatversameling: Letter to the Editor: RSWD's new name, koerant en datum onvermeld; Dokumentasiesentrum, Departement van Verdediging, Pretoria: Anoniem, Geskiedenis van die Regiment Langenhoven, ongenommer en geen datum, p 2.

nie.<sup>52</sup> Majoor Wolhuter het Kosie Marais se hoedanighede as offisier soos volg geëvalueer:

*Koos was a fine officer, a strict disciplinarian, but never expected his men to do anything he was not prepared or capable of doing himself, his men adored him and would have followed him through hell if needs be. Our regiment together with the Dukes and Cape Town Highlanders had a battle exercise near Cape Point and we had to make camp on a wet day with pouring rain when we arrived at the camp site. The officers of the Cape Town regiments immediately took shelter in some permanent huts and left it to their NCO's with the men to erect their tent. Major Marais (then Captain) was orderly officer of the day. He with all his officers remained with our men and helped to get the tents up, and then went and arranged for some hot soup and food for the men and themselves. This action was noted by the Senior Commanding Officer who personally paraded all the officers at which he complimented and congratulated the officers of the Platteland and gave the officers of the other regiments particular blazes.<sup>53</sup>*

Terwyl Kosie Marais vanaf 1935 betrokke was by die militêre opleiding van rekrute van die RSWD, het die toestand in Europa algaande versleg totdat Engeland en Frankryk op 3 September 1939 teen Nazi Duitsland oorlog verklaar het. Die Verenigde Partyregering, sowel as die breë Suid-Afrikaanse bevolking was verdeeld oor die vraag of die Unie aan die kant van Brittanje en haar bondgenote tot die oorlog moes toetree, of neutraal sou bly. Dit is geskiedenis dat die Unieparlement op 4 September 1939 ten gunste van deelname aan die oorlog gestem het. Generaal J.C. Smuts, die nuwe eerste minister en minister van Verdediging, was intens daarvan bewus dat 'n groot aantal Afrikaners teen die Unie se deelname aan die oorlog gekant was. Hy het dus vertrou dat voldoende getalle vrywilligers hulle as rekrute sou aanmeld. Hierdie vrywilligers het 'n spesiale eed van getrouheid afgelê om enige plek binne of buite die Unie se grense militêre diens te doen. Hierdie vrywilligers is onderskei deur 'n rooi lussie wat hulle op hulle skouers gedra het.<sup>54</sup>

Vier dae na die Unie se oorlogsverklaring het die plaaslike Robertsonse koerant aangekondig dat kaptein J.P. Marais vir militêre

- 
52. *Die Landman*, 10 Mei 1935 (Korrespondensie – Redakteur: Oefening en Parades. Majoor RSWD – C.R. Wolhuter).
53. L. Lotz-privaatversameling: A “tribute” in memory of Major Marais by Major C.R. Wolhuter, 1963.
54. D. Joubert, *Oorlogsverklaring 1939. Drama in die Volksraad* (Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1972), pp 2-3; A.M. Grundlingh, “South Africa and the Second World War”, in B.J. Lienberg and S.B. Spies (eds), *South Africa in the 20th century* (JL van Schaik Academic, Pretoria, 1993), p 285.



opleiding na Voortrekkerhoogte in Pretoria vertrek het.<sup>55</sup> Dit is onseker hoe lank die opleiding geduur het, maar op 27 en 28 Desember 1939 het hy luitenant-kolonel W.H. du Plessis, bevelvoerder van die RSWD, op 'n werwingsveldtog in Robertson en die omliggende dorpe vergesel om rekrute vir die ABM te werf. Volgens 'n verslaggewer het Kosie op 'n humoristiese wyse die voornemende rekrute meegedeel hoe aangenaam die militêre opleidingskampe en die oefeninge was.<sup>56</sup> Dit moet aanvaar word dat Kosie Marais as sakeman en boer baie reëlins moes tref voordat hy op 10 Junie 1940 op Robertson vir voltydse militêre diens ingesweer is. Op 22 Augustus daardie jaar het sy militêre diens amptelik begin en is hy na Voortrekkerhoogte waar hy op 8 Oktober 1940 'n "rooi lussie"-soldaat geword het toe hy die spesiale eed van getrouheid afgelê het.

Volgens majoor Kosie Marais se diensrekord was hy betrokke by die opleiding van soldate, sowel as die werwing van nuwe soldate. Na sy aankoms op 22 Augustus 1940 in Voortrekkerhoogte, is hy oorgeplaas na die *Armoured Fighting Vehicle Training Centre* (AFVTC) met hoofkwartier Kafferskraal. Op 18 Desember 1940 is hy oorgeplaas na die *Defence Mobile Recruiting Column*.<sup>57</sup> Die UVM het voortdurend veldtogte geloods om genoeg vrywilligers vir die oorlogpoging te werf. Een hiervan was die *Defence Mobile Recruiting Column* wat bekend geword het as die "Staalkommando" of "*Steel Commando*". Hierdie "Staalkommando" het in totaal uit ongeveer 700 manskappe, 150 pantserkarre en ander militêre voertuie, asook 'n gepantserde trein (die "*War Train*") bestaan. Die "Staalkommando" het waarskynlik uit verskillende afdelings bestaan wat landwyd in talle dorpe en stede militêre parades, wapenskoue en militêre vertonings gelewer het.<sup>58</sup> Volgens die plaaslike Robertsonse koerant van 29 November 1940 het 'n afdeling van die "Staalkommando" die dorp besoek, maar die berig meld nie dat majoor J.P. Marais teenwoordig was nie.<sup>59</sup> Foto's in sy dogter se besit toon dat Kosie Marais teenwoordig was by die wapenuitstalling op Robertson en dat van die offisiere op Klipdrif onthaal is. Berigte wat na sy dood in *The Argus* en *Cape Times* verskyn het, meld dat hy die bevelvoerende offisier van die "Staalkommando" was, maar dit word nie

---

55. *Die Landman*, 8 September 1939 (Personalialia).

56. *Die Landman*, 29 Desember 1939 (Die Burgermag soek rekrute).

57. Dokumentasiesentrum, Departement Verdediging, Pretoria: Personal Archives Repository: Service Record of Major J.P. Marais, 15056.

58. Inligting per e-pos ontvang van luitenant-kolonel Deon Visser, Militêre Akademie, Saldanha, 1 Februarie 2006.

59. *Die Landman*, 29 November 1940 (Die Staalkommando op Robertson).

deur sy diensrekord bevestig nie.<sup>60</sup> Hierdie “Staalkommando” se werwingsveldtog was blykbaar so suksesvol dat ’n verdere £15 000 vir ’n tweede soortgelyke poging aangevra is.<sup>61</sup>

Dit is nie moontlik om uit sy diensrekord en ander beskikbare bronne Kosie Marais se militêre loopbaan vanaf 1941 tot 1943 chronologies te rekonstrueer en om vas te stel aan watter korpse hy verbonde was nie. Dit wil voorkom asof hy in Januarie 1941 oorgeplaas is na die Spesiale Diensbataljon (SDB) wat die volgende maand na Pollsmoor vir opleiding verskuif is.<sup>62</sup> Die SDB is tydens die Groot Depressie in 1933 gestig met die doel om aan verarmde, werklose jong seuns tussen 17- en 22-jarige ouderdom militêre en ander opleiding te gee, sodat hulle later na staats- en semi-staatsorganisasies oorgeplaas kon word. Die SDB het gedurende die oorlog as ’n gepantserde afdeling goeie rekenskap van hulleself tydens gevegte in Noord-Afrika en Europa gegee.<sup>63</sup>

Kort nadat majoor Kosie Marais op 25 September 1942 bevelvoerder van die SDB geword het, is die eenheid weer na Kafferskraal naby Pretoria verskuif om verdere opleiding by die *Armoured Fighting Vehicle Training Centre* te ondergaan. Op 4 Januarie 1943 het Kosie afstand gedoen van sy pos as bevelvoerder van die SDB en op 11 Maart 1943 het hy sy ontslag van voltydse militêre diens op eie versoek verkry. Gesins-, sake- en boerderybelange het waarskynlik daartoe bygedra dat hy sy ontslag gevra het. In 1953 is twee oorlogsmedaljes, *The War Medal* (1939/1945) en die *Africa Service Medal*, aan majoor J.P. Marais toegeken.<sup>64</sup>

- 
60. L. Lotz-privaatversameling: *The Argus*, 23 June 1963 (Obituary: Major P.J. Marais); *Cape Times*, 23 June 1963 (Death of Major J.P. Marais).
61. H.J. Martin and N.D. Orpen, *South Africa at War. Military and industrial organization and operations in connection with the conduct of the War, 1939-1945* VII (Purnell, Cape Town, 1979), pp 104-105.
62. W. Otto, *Die Spesiale Diensbataljon, 1933-1973* (SAW, Die Staatsdrukker, Pretoria, 1973), p 85.
63. W. Otto, “Die geskiedenis van die Spesiale Diensbataljon, 1933-1939.” MA verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1972, pp 23-25.
64. Otto, *Die Spesiale Diensbataljon, 1933-1973*, pp 87, 143; Dokumentasiesentrum, Departement Verdediging, Pretoria: Personal Archive Repository: Service Record of Major J.P. Marais, 15056.

## Die politikus

Kosie Marais en sy familie was as “bloed-Sappe” verbete teenstaanders van die Nasionale Party (NP) wat in 1948 aan bewind gekom het. Die NP-regering se veldtog om die stemgeregtigde bruinmense van Kaapland van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder, is deur sy politieke opponente as ondemokraties beskou, veral aangesien die stemreg van die bruinmense in die Kaapprovinsie grondwetlik verskans was.<sup>65</sup> Onder leiding van kaptein A.G. (Sailor) Malan het oud-soldate op 30 Junie 1951 in Johannesburg die Torch Commando gestig om as ’n onafhanklike organisasie politieke druk op die regering uit te oefen om sy beleid jeens die bruinmense te staak.<sup>66</sup>

As oud-soldaat het Kosie Marais hom vereenselwig met die doelwitte van die Torch Commando en hy het die voorsitter van dié organisasie op Robertson geword. Op 24 Oktober 1951 het hy as een van vier sprekers tydens ’n massasaamtrek van 10 000 oud-soldate op die Groenpuntse meent opgetree. Die breë tema van dié sprekers se boodskap was dat die rasseharmonie en samewerking, wat na hulle mening tot die oorwinning van die Geallieerdes by El Alamein bygedra het, weer herstel moes word. Die kern van Kosie se Afrikaanse toespraak, is só deur ’n verslaggewer van die *Cape Times* weergegee:

*His message from the platteland was that the Torch Commando was not merely a movement of the Towns. I want to tell you that the Commando is spreading among the country towns like a fire, a fire which is destroying hate and disunity.*

*Our boys in the war fought side by side [verwysende hier na blanke en nie-blanke troepe in die oorlog] in a spirit of perfect co-operation. Where is that co-operation today? And who destroyed that co-operation and restricted the freedom we fought for? A small group of people who have never yet fought for their country and never will.<sup>67</sup>*

In die aanloop tot die algemene verkiesing van 1953, het die Verenigde Party, die Arbeiders Party en die Torch Commando in April 1952 bekendgemaak dat hulle as die “United Democratic Front” (UDF) die verkiesing gaan beveg om die NP by die stembus te probeer

---

65. K.A. Heard, *General elections in South Africa, 1943-1970* (Oxford University Press, Cape Town, 1974), pp 48-51; B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika* (Aktuele Publikasies, Pretoria, 1977), pp 306-308.

66. Kyk in: Potgieter, *SESA X* (Uitgewer, plek, datum), pp 525-526, vir ’n oorsig van die Torch Commando.

67. *Cape Times*, 24 October 1951 (Appeal for racial harmony).

verslaan.<sup>68</sup> Kosie Marais het daarna op talle dorpe in die Suid-Kaap, die Klein- en Groot-Karoo en die Wes-Kaap vergaderings gehou om takke van die Torch Commando te stig en steun vir die UDF te werf. Talle van sy geskrewe toesprake het behoue gebly en toon basies dieselfde struktuur. Eerstens het hy die beginsels van die Torch Commando verduidelik, daarna het hy die NP as regerende party aangeval en in een geval daarna verwys as “’n politieke rampokker bewind wat deur die Broederbond ingesluk is”. Laastens het hy die apartheidswette veroordeel. Tydens die vergaderings het humeure opgevlam en klaarblyklik het vuisgevegte dikwels tussen die ondersteuners van die verskillende partye uitgebreek. So skryf Kosie by geleentheid aan sy dogter Lynette dat hulle goeie, vreedsame vergaderings op Montagu en Swellendam gehad het en dat daar “nie weer ’n bakleiery was nie.”<sup>69</sup>

Op versoek van die Verenigde Party (VP) het Kosie hom beskikbaar gestel as kandidaat in die kiesafdeling George. Sy politieke opponent was P.W. Botha van die NP wat die setel in 1948 verower het. Hierdie besluit het ’n groot opoffering van Kosie geverg. Hy moes vir ’n tydperk van ses maande in sy huis op Plettenbergbaai woon om as kandidaat vir die kiesafdeling George te kwalifiseer. In sy verkiesingspamflet motiveer hy sy besluit om as kandidaat te staan soos volg:

Weer, nes in die oorlog jare, het my land my dienste nodig. As offisier het ek nooit aan politiek deel geneem nie, en is dus nie ’n professionele politikus nie, maar die optrede van die huidige Broederbond regering het my oortuig dat hulle besig is om ons land mee te sleep op die weg van Hitler se Duitsland, en derhalwe stel ek my verkiesbaar as die Verenigde Party kandidaat vir George Kiesafdeling.<sup>70</sup>

Tydens die besige verkiesingsveldtog het Kosie, vergesel van sy vrou en dogter, Yvonne, ’n toespraak op Karatara, ’n nedersetting van boswerkers geleë naby Sedgfield, gehou. Gedurende die vergadering het ’n deel van die aanwesiges die saal verlaat en ’n tweede groep het die verhoog dreigend genader. Hulle dreigende houding het Kosie laat voel dat hy en sy dogter, wat saam met hom op die verhoog was, in gevaar verkeer en hy het ’n pistool op hulle gerig. Die woedende skare het daarop die verhoog bestorm en slegs die tydige tussenkoms van die superintendent van Karatara en ’n onderwyser het Kosie gered.<sup>71</sup> Terwyl sy vrou, Joyce, na hulle motor geloop het, is sy in baie kru taal toegesnou en het sy net betyds die motorvenster toegekry toe iemand haar in die

68. Heard, *General Elections in South Africa, 1943-1970*, p 52.

69. L. Lotz-privaatversameling: Kosie Marais – Lynette Marais, 19 Mei 1952.

70. L. Lotz-privaatversameling: Verkiesingspamflet van J.P. Marais.

71. *Die Burger*, 2 April 1953 (Kandidaat pluk pistool uit).

gesig wou spuug. Die insident het Kosie se beeld as politieke kandidaat onberekembare skade berokken en hy het die bynaam “Koos Pistoel” gekry. In die opposisiepers is ook na hom verwys as Koos (“*get your gun*”) Marais.<sup>72</sup> Toe hy vyf dae na die pistool-insident op George se skouterrein ’n gehoor van ’n duisend mense wou toespreek, het die gehoor hom uitgelag en verhoed om ’n toespraak te maak. Hy en sy voorsitter, generaal J. Mitchell Baker, moes noodgedwonge die terrein onder polisiebegeleiding verlaat.<sup>73</sup>

Dit is geskiedenis dat P.W. Botha die George-setel in die 1953-verkieping met ’n vergrote meerderheid vir die NP behou het.<sup>74</sup> Kosie Marais het nie weer die politieke arena betree nie.

### Die brandewynprodusent

Die vraag waarom en wanneer Kosie Marais begin het om brandewyn te produseer en te bemark onder die naam Klipdrif – sy brandewyn se naam het hy, soos sy plaas se naam, sonder die “t” gespel – kan nie met sekerheid beantwoord word nie, omdat bronne ontbreek. Om dieselfde rede is dit onseker in watter jaar hy die Southern Liqueur Company (SLC) gestig het.<sup>75</sup> Die heel eerste vermelding van die naam Southern Liqueur Company, en een van slegs enkele verwysings daarna in die plaaslike Robertsonse koerant, *Die Landman*, was op 30 Desember 1938. By hierdie geleentheid het die redaksie en personeel van die koerant J.P. Marais en Southern Liqueur Company vir hulle Kersgeskenk bedank.<sup>76</sup>

Waarskynlik het ’n vriend van Kosie, die Robertsonse prokureur en ’n direkteur van die KWV, S.E. Warren, hom in 1935 aangeraai om brandewyn te produseer en te bemark. In daardie stadium het die nadelige uitwerking van die Groot Depressie op die drankbedryf begin afneem en ’n nuwe mark vir brandewyn het geleidelik ontwikkel. Kosie was toe bes moontlik reeds bekend vir sy likeurs en vandaar Warren se aanbeveling.<sup>77</sup> Hierdie groter binnelandse aanvraag na brandewyn en

72. *Die Burger*, 14 April 1953 (Dawie se rubriek: Ons gesels oor die verkiesing: Die pistool-man).

73. *Die Burger*, 8 April 1953 (Sap-kandidaat skoon van die wa afgelag).

74. *Die Burger*, 17 April 1953 (Torch-manne val uit).

75. Die Limited Companies (LC) Argiefgroep in die Kaapse Argiefgroep en ’n besoek aan die Companies and Intellectual Property Registration Office (CIPRO) in Pretoria het geen inligting oor SLC gehad nie.

76. *Die Landman*, 30 Desember 1938 (By en rondom ons).

77. Mededeling deur L. Lotz, 2 Februarie 2006; D.J. van Zyl, “KWV 1918-1993” (verkorte weergawe deur F.A. Schaafsma), (Human en Rousseau, Kaapstad, 1993), pp 30, 33.

wyn word deur 'n berig in *Die Landman* bevestig, waarin 'n groot toename in die versending van wyn en brandewyn vanaf die Robertsonse spoorwegstasie gemeld word.<sup>78</sup>

Dit is bekend dat Kosie se broer Eksteen die wynmaker op Wonderfontein was, terwyl Kosie hom op Klipdrif toegespits het op die produksie van likeurs en brandewyn. Na 'n onderhoud met hom in Februarie 1960, het die korrespondent van *The Cape Argus*, Lucy Bean, soos volg oor sy boerdery op Klipdrif gerapporteer:

*At Klipdrif Mr. Marais grows barley, grapes for the winery (on his brother's farm Wonderfontein) and he raises cattle and sheep. But Mr. Marais's main interest on his farm is the making of export quality brandy and liqueurs ... In his own cellars he blends and matures, processes requiring knowledge and good judgement. A honey liqueur, unlike any other produced in the country, is a new palatable one.*<sup>79</sup>

Op Klipdrif is twee soorte brandewyn geproduseer, naamlik die vyfjaar "Klipdrif Export Brandy Red Label", en die tienjaar "Klipdrif Finest Liqueur Brandy Green Label".<sup>80</sup> Blykbaar was die heuninglikeur waarna Bean verwys het van hoogstaande gehalte. Dit was hierdie heuninglikeur wat Kosie se filtreerders verstop het sodat hy 'n filtreerder ontwikkel het waarmee hy die heuninglikeur deur warm sand gefiltreer het.<sup>81</sup> Benewens die brandewyn en heuninglikeur het Kosie in die naam van die Southern Liqueur Company verskeie ander likeurs, soos Crème de Menthe en Van der Hum, Orange Gin, Lemon Gin en Advokaat geproduseer en bemark. Om die botteleringsproses te bespoedig, het Kosie weer eens sy vindingrykheid openbaar en 'n masjien ontwerp waarmee die bottels outomaties gevul is met die korrekte hoeveelheid drank soos deur die wet bepaal. Tydens die Tweede Wêreldoorlog, toe die tradisionele verpakings van bottels te duur en soms onverkrygbaar was, het Kosie weer 'n plan gemaak. Hy het 'n apparaat ontwikkel wat die gesnyde papkuil op sy plaas in die korrekte lengte gekerf en vasgestik het

---

78. *Die Landman*, 26 April 1935 (Korrespondensie).

79. *The Cape Argus*, 21 February 1960 (L. Bean, Farms of the Cape – Klipdrif and Wonderfontein).

80. L. Lotz-privaatversameling: Anoniem, "n Plan is 'n boerdery", *Die Huisgenoot*, 27 Augustus 1948; Mededeling van L. Lotz, 2 Februarie 2006.

81. Volgens Paul Marais, broerskind van Kosie Marais en eienaar van Wonderfontein, was die heuninglikeur van Kosie iets besonder en hy is steeds verbaas dat die kopers van Southern Liqueur Company nie die produksie daarvan voortgesit het nie – Onderhoud op 28 April 2006 op Wonderfontein, Robertson).

om as verpakking vir die bottels te dien.<sup>82</sup> Die kleurvolle etikette vir die verskillende produkte het Kosie self ontwerp. Op van die etikette is die naam “Loch Houlakin” aangebring. In die plaaslike koerant, *Die Landman*, is daar talle verwysings na “mnr. JP Marais van die plaas Loch Houlakin”. Kosie het tydens ’n besoek aan Skotland bewus geword van die bestaan van ’n “Glen Houlakin”. “Houlakin” beteken “muggies” en Kosie se “Loch Houlakin” het verwys na die muggies wat tydens die somermaande bo die poele staande water in die Breërivier gedraai het.

Volgens Lynette Lotz het haar pa Klipdrif Brandewyn nie op die gewone wyse deur advertensies in koerante of in tydskrifte bemark nie. Hy het ’n mark gevind by wyse van sy militêre kontakte deur Southern Liqueur Company se pryslyste aan offisiersmenasies te stuur. Kosie se ideaal was dat sy brandewyn slegs deur ’n offisier en ware heer (*an officer and a gentleman*) met water en ys gedrink sou word.<sup>83</sup> Navorsing in die dokumentasiesentrum van die Departement Verdediging in Pretoria het geen bewyse opgelewer dat Kosie sy pryslyste na die offisiersmenasies gestuur het nie. Dit is egter verstaanbaar, want volgens die leeskamer beampte, Steve de Agrela, word die menasies se dokumente met betrekking tot aankope en betaalstate elke sewe jaar vernietig.

Kosie Marais het ook geadverteer deur agterop koeverte wat hy waarskynlik aan voornemende kliënte gestuur het, in sy eie handskrif die volgende slagspreuk te laat druk:

*PS*

*Klipdrif Export Brandy is better than anything yet produced, and makes the cost of really good living so much less per bottle – Try it!!!*

Voornemende kopers is ook ingelig dat hulle vir elke tien kiste brandewyn wat hulle koop, een kis Klipdrif Export Brandy gratis sou ontvang. Die enigste koerantadvertensie van Klipdrif Brandewyn wat opgespoor kon word, het op ses agtereenvolgende Vrydae, vanaf 17 November tot 22 Desember 1939, in die plaaslike Robertsonse koerant verskyn. Daarin is die leser aangemoedig om ’n “karton goeie Klipdrif Brandewyn te koop teen die spesiale prys van 60/- (£6.00) afgelewer op enige spoorwegstasie in die Unie van Suid-Afrika.”<sup>84</sup>

---

82. Snyman, “Die geheim van SA se oermense”, p 63.

83. Mededeling deur L. Lotz, 2 Februarie 2006.

84. *Die Landman*, 17 November 1939–22 Desember 1939 (Advertensies – Klipdrif Brandewyn).

Dit word vertel dat Klipdrif Brandewyn deur die Suid-Afrikaanse soldate gedurende die Tweede Wêreldoorlog na Noord-Afrika en selfs Europa geneem is. Volgens Dick Allsop, 'n eertydse senior werknemer van Castle Wine and Brandy Company, was Southern Liqueur Company se produksie van brandewyn te klein om in die vraag na brandewyn in Noord-Afrika te voorsien.<sup>85</sup> Volgens militêre korrespondensie is dit duidelik dat die instroming van nuwe troepe na 'n sekere Suid-Afrikaanse basis in die Midde-Ooste die brandewynvoorraad byna uitgeput het. Die versoek was dat brandewyn per vliegtuig vanuit Suid-Afrika ingevlieg moes word omdat skeepsvervoer te lank geneem het. 'n Sekere kolonel Ollemans het byvoorbeeld verklaar:

*... when he left the Middle-East all the brandy that they had was what had been saved from rations issue. General Theron was most anxious that stocks of brandy should be flown up from the Union and resold to messes rather than that the troops should be left to buy the local cognac which was pure fixed bayonets.*<sup>86</sup>

Na aanleiding van hierdie versoek is gemeld dat daar reeds op 5 Junie 1945, 7 290 gellings brandewyn vanuit Durban verskeep is en dat nog 4 000 gellings in die hawe vir verskeping gewag het op skeepsruiimte om beskikbaar te word. Die vervoer per vliegtuig van 1 000 kartonne brandewyn vir die offisiersmenasie in Kaïro sou egter begin.<sup>87</sup>

In hierdie korrespondensie word die naam van die brandewyn wat na die Midde-Ooste vervoer is, nooit genoem nie en dit is hoogs onwaarskynlik dat Southern Liqueur Company so 'n groot hoeveelheid brandewyn aan die weermag kon verskaf. Individuele offisiere kon wel in hulle persoonlike hoedanigheid Klipdrif Brandewyn na die Noorde geneem het.

Die gebrek aan finansiële state maak dit vir die navorser onmoontlik om die jaarlikse winsgrens en bruto inkomste van Southern Liqueur Company te bepaal. Daarom is dit ook nie moontlik om vas te stel watter markkragte en ander invloede die inkomste van dié maatskappy beïnvloed het nie. So byvoorbeeld het die drasties verhoogde aksynsbelasting op wynspiritus (90,9 persent) en rabatbrandewyn (108,7 persent) op 16 Julie 1958 tot gevolg gehad dat die verbruik van

---

85. Telefoniese onderhoud met Dick Allsop, afgetrede senior werknemer van Castle Wine and Brandy Company, 27 Februarie 2006.

86. Dokumentasiesentrum, Departement van Verdediging, Pretoria: Chief of the General Staff War (CGS), Box 60: 17/5 Liquor: Supply to the troops, 19 June 1945.

87. Dokumentasiesentrum, Departement van Verdediging, Pretoria: Chief of the General Staff War (CGS), Box 60: 17/5 Liquor: Supply to the troops, 19 June 1945.



brandewyn skerp gedaal het en gevolglik het die Southern Liqueur Company, aldus Lynette Lotz, se inkomste met die helfte verminder.<sup>88</sup>

Na Kosie Marais se dood in 1963 is Southern Liqueur Company vir R69 996-13 aan Castle Wine and Brandy Company verkoop. Na sekere affrekkings is aan Kosie se weduwee en vier kinders as aandeelhouers 'n totale bedrag van R57 456-96 uitbetaal. Die datum waarop die transaksie plaasgevind het, is volgens dokumente in Lynette Lotz se besit 31 Mei 1968.<sup>89</sup> Gedurende die loop van die volgende jaar het Distillers van Stellenbosch in sy jaarverslag gemeld dat hy Castle Wine and Brandy Company oorgeneem het en sodoende die handelsmerk Klipdrif Brandewyn bekom het.<sup>90</sup>

Een van die twee nuwe eienaars het Kosie Marais se apparaat, onder meer die een waarmee die bottels gevul is, uit die kelder op Klipdrif verwyder. Dit was hulle goeie reg, maar dit is jammer dat dit verlore gegaan het. Die huidige bottel waarin Klipdrif Brandewyn verkoop word, sowel as die etiket met die sakhorlosie, is nie deur Kosie Marais ontwerp nie. Volgens Bob Allsop het Janice Ashly van 'n reklamemaatskappy die bottel en etiket na die oorname van Southern Liqueur Company vir Castle Wine and Brandy Company ontwerp.<sup>91</sup>

### **Gevolgtrekking**

Kosie Marais tree uit die wasige verlede na vore as 'n besondere talentvolle, innoverende en intelligente persoon wat sy filosofie van “vir elke probleem is daar 'n oplossing” prakties toegepas het. Hy het oor 'n besondere humorsin beskik, was goedhartig en vriendelik, en het graag sy medemens gehelp – solank die medemens nie aan die Nasionale Party (NP) behoort het nie. Hy het blykbaar niemand in diens geneem as hy 'n lid van die NP was nie.<sup>92</sup>

---

88. Van Zyl, *KWV 1918-1993*, pp 52-53; Mededeling van L. Lotz, 2 Februarie 2006; Anoniem, “Die effek van verhoogde Aksynsbelasting”, *Die Wynboer*, 28, 337, Oktober 1959, pp 3-5.

89. L. Lotz-privaatversameling, “Amount due to Marais Estate in respect of sales of shares to Castle Wine and Brandy Company”, 31 May 1968.

90. Anonymous, *Annual Report 1969 South African Distilleries and Wines Limited*, p 20.

91. Telefoniese onderhoud met Dick Allsop, afgetrede senior werknemer van Castle Wine and Brandy Company, 27 Februarie 2006.

92. Mededeling van Paul Marais, broerskind van Kosie Marais, 28 April 2006.

Sy belangstellingsveld was wyd en uiteenlopend, en volgens sy vriend C.R. Wolhuter

*... had he lived in a part of the country where there was a wider appreciation and encouragement, his name would have figured and ranked high amongst scientists and public bodies. He was a veritable walking encyclopedia of general knowledge.*<sup>93</sup>

In sy vrou Joyce het hy skynbaar 'n geesgenoot gevind en klaarblyklik was hulle huwelik gelukkig. Joyce was saam met hom lid van die Literary Society en het hom soms na skietkompetisies vergesel. Ook tydens sy kortstondige politieke loopbaan het sy hom gereeld na vergaderings vergesel. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het Joyce met die hulp van ene Burrie Zaayman Southern Liqueur Company bestuur. As egpaar was hulle bekend vir hulle gasvryheid en die huis op Klipdrif se deur het altyd oopgestaan vir vriende, sowel as binne- en buitelandse besoekers aan Robertson. Die nuwejaarsdanse met 'n orkes op Klipdrif se rolskaatsbaan by die dam was 'n hoogtepunt op Robertson se sosiale kalender.

Vir sy vier kinders, Yvonne, Valerie, Lynette en Jeannel Pierre,<sup>94</sup> was hy 'n ware leermeester wat hulle aan die wêreld van die natuur, die wetenskap, die musiek, die letterkunde, die kuns en die menslike verlede bekend gestel het. Die talle briewe wat hy aan sy dogters geskryf het in die tye wat hy van die huis af weg was, veral tydens die oorlogjare, getuig van 'n pa wat verlang het. Vir elkeen het hy 'n spesiale boodskap gehad, elkeen se besondere belangstelling het hy gedeel en elkeen het hy aangemoedig waar nodig. 'n Vriendin van Lynette verwoord Kosie se verhouding met sy kinders miskien die beste as sy skryf dat min kinders so gelukkig soos hulle was om 'n pa as 'n vriend te kon hê.

Kosie Marais het op 8 April 1963 in Robertson se hospitaal aan beroerte gesterf.<sup>95</sup> Twee dae later is hy op Klipdrif begrawe. Dit het tien jaar gesloer voordat sy boedel afgehandel was. Teen daardie tyd was die huis op Plettenbergbaai, sy motorboot van vlekvrystaal, Southern Liqueur Company en Klipdrif reeds verkoop. Dus, binne 'n dekade na sy

---

93. L. Lotz-privaatversameling: A "tribute" in memory of Major Marais by Major C.R. Wolhuter, 1963.

94. Yvonne is gebore op 18 November 1927, Valerie op 8 September 1932, Lynette op 2 Mei 1936 en Jeannel Pierre op 2 Desember 1943.

95. L. Lotz-privaatversameling: Verkorte Sterftesertifikaat 146486 van J.P. Marais, uitgereik deur die Departement van Binnelandse Sake, 30 Mei 1985.

dood was die ryk wat Kosie vir die familie opgebou het, verlore. Daar is amper iets van 'n Griekse tragedie in hierdie verhaal te bespeur.

Wanneer terugskouend gekyk word na Kosie se vol lewe as argeoloog, skut, militaris, gesinsman, kultuurmens en welsynwerker, om slegs enkele aspekte te meld, wil dit voorkom asof hy slegs in sy vrye tyd 'n sakeman en boer kon wees. Kosie Marais was 'n veelsydige mens wat met entoegasme voluit geleef het.

### **Opsomming**

Jacobus Petrus (Kosie) Marais, gebore 12 Mei 1900 en eienaar van die plaas Klipdrif in die distrik Robertson, het nie soos die meeste van sy bure gefokus op die produksie van wyn nie. Sonder enige formele opleiding het hy hom sedert 1935 toegespits op die maak van 'n verskeidenheid likeurs en die distillering van 'n hoë kwaliteit brandewyn wat hy as "Klipdrif Export Brandy Red Label" en "Klipdrif Finest Liqueur Brandy Green Label" deur sy Southern Liqueur Company bemark het. Kosie Marais was 'n talentvolle en innoverende mens. Hy was die ontwerper en bouer van alle geboue op die plaas Klipdrif. Hy was verder 'n musikant en kultuurmens, amateur ingenieur, Springbok Bisleyskut, antropoloog en argeoloog, offisier in die Unie Staande Mag en tydens die Tweede Wêreldoorlog ook bevelvoerder van die Spesiale Diensbataljon. As lid van die Torch Commando en die Verenigde Party het hy die politieke arena tydens die 1953-verkiesing as opponent van die Nasionale Party-kandidaat P.W. Botha in die George kiesafdeling betree. Na sy dood in 1963 het Distell die Southern Liqueur Company sowel as die handelsnaam Klipdrif Brandewyn bekom. Later is sy plaas Klipdrif verkoop en die nuwe wynkelder op die plaas is tans bekend as "Major's Hill".

### **Abstract**

#### ***Klippies en eish!***

#### **Major J.P. Marais: The creator of Klipdrif Brandy**

Jacobus Petrus (Kosie) Marais, born on 12 May 1900, owner of the farm Klipdrif in the district of Robertson, did not, like most of his neighbours focus on the production of table wines. Without any formal training, he produced a whole range of liqueurs and a high quality brandy, "Klipdrif Export Brandy Red Label" and "Klipdrif Finest Liqueur Brandy Green Label" which he marketed through his Southern Liqueur Company (SLC). Kosie Marais was a talented and innovative person. He designed and built all the buildings on Klipdrif farm, he was also a cultured man and

a musician, amateur engineer, Springbok Bisley marksman, anthropologist and archeologist, an officer in the Union's Permanent Force and, during the Second World War, Commanding Officer of the Special Service Battalion. As member of the Torch Commando and the United Party, he entered the political arena for the general election of 1953 as political opponent of P.W. Botha, the National Party candidate for the George constituency. After his death in 1963, Distell bought Southern Liqueur Company and thus got hold of the brand name Klipdrif Brandy. Later his farm Klipdrif was sold and the new winery on the farm today is known as "Major's Hill".

### **Sleutelwoorde**

Abbé Breuil; die algemene verkiesing van 1953; argeologie; Bisley skyfskiet; doktor C.H.T.D. Heese; Klipdrif Brandewyn; Robertson; Southern Liqueur Company; Spesiale Diensbataljon; Springbokskut; Staalkommando; Torch Commando; Tweede Wêreldoorlog.

### **Key words**

Abbé Breuil; archaeology; Bisley target shooting; Doctor C.H.T.D. Heese; general election of 1953; Klipdrif Brandy; Robertson; Second World War; Southern Liqueur Company; Special Service Battalion; Springbok marksman; Steel Commando; Torch Commando.